# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 244
14 November 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Die skilpad en die skerpioen**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Die skilpad en die skerpioen

Tydens die eerste helfte van die vorige eeu was daar 'n bekende komediant te wete Julius Henry "Groucho" Marx. Na bewering was sy laaste woorde "Doodgaan? Dit sal die laaste ding wees wat ek doen". Hy was ook bekend vir sy woorde "as jy al hierdie storie gehoor het, moet my nie stop nie. Ek hou daarvan om die storie te vertel." Die fabel van die skerpioen en die skilpad is 'n goeie storie wat by herhaling vertel kan word.

Die verhaal (met variasies) klink basies so: Op 'n eiland in die middel van 'n groot rivier, het daar vele diere, insekte en ander goggas gewoon. Daar was ook 'n skilpad en 'n skerpioen. Eendag, tydens die reënseisoen, het die rivier afgekom. Dit het gou duidelik geword dat die rivier se vloed die eiland gaan oorspoel. Die skilpad het besluit om dit te waag om in die stromende water oor te swem na die vasteland toe. Dit was gevaarlik, maar doenbaar- veral as jy wil bly lewe.

Toe die skerpioen sien hy loop water se kant toe, het hy geweet wat gaan gebeur. "Neem my saam op jou rug, asseblief" het hy gepleit. Die skilpad het geweier. "Jy sal my steek en dan is ek beslis dood". Sy antwoord daarop: "Steek ek jou, is ek dan tog ook dood. Dit sal dom wees. Ek sal dit mos nie doen nie." Met die druk van tyd omdat die watervlak vinnig besig was om te styg en die stroom amper meesleurend sterk was, het die skilpad besluit om tog die skerpioen te help.

Al was die stroom sterk, kon die skilpad goed swem en alles het klopdisselboom verloop totdat hulle naby die wal was. Die skerpioen kon die oop nek van die beurende skilpad nie langer weerstaan nie en het sy angel diep in die skilpad se nek ingeslaan. Die gif was sterk en die dood vinnig daar. Met sy laaste asem het die skilpad dit uitgesnik: "Waarom?" Al versuipend was die skerpioen se laaste woorde, "Omdat ek kan". Hier verskil die fabel weergawes van mekaar. Die ander weergawe stel dat sy laaste woorde net erkenning was van die waarheid: "Dit is in my natuur, ek kan nie anders nie." Hier eindig die fabel.

Die ding met fabels is dat daar goeie raakpunte en lesse opgesluit lê in enige fabel. Jy moet net die regte raakpunt insien en toepas. Die punt is dat sekere mense se aard hulle daartoe noop, dalk selfs dryf, om op 'n sekere manier op te tree. Hierdie verhaal kan met 'n spreekwoord opgesom word. "As jy saam met die duiwel gaan eet, moet jy 'n lang lepel hê." Wees versigtig in jou omgaan met sekere mense, veral omdat jy weet wat en wie hulle is, waartoe hulle in staat is. Trane kom te laat, wees versigtig om nie weer en weer deur daardie gevaarlike mense seergemaak te word nie. Wanneer jy in dwaasheid toelaat dat hulle jou tog misbruik en dan probeer vernietig, is dit ook jou eie skuld omdat jy teen jou beterwete opgetree het. 'n Belangrike voorbeeld is om kennis te neem van die gevaar wat narsissiste inhou vir die mense naby hulle. Daar is tans heelwat navorsing en gepaardgaande publikasies beskikbaar om die narsissis-skerpioen se dop te verwyder en sy intensies te ontbloot.

‘n Verkeerde interpretasie van hierdie fabel sou wees indien iemand dit gebruik as verskoning of regverdiging vir hulle eie optrede. “Ek is maar net mens, ek kan nie anders optree nie.” Van geboorte af groei ons. Na liggaam en verstand. Op ‘n stadium hou ons op met fisiese groei. Geestelik en verstandelik groei en verander ons dwarsdeur die lewe. Hierdie groei kan gestuur en gefokus word. Ons kan daardie dele van ons menswees wat sleg is, snoei. Ons kan verander en ‘n beter mens wees met verloop van tyd. Die enigste persoon met wie jy jouself vergelyk, is jy self. Tree jy jou lewe lank soos ‘n skerpioen op, is dit omdat jy dit kies en jouself telkens weer ingrawe in daardie toksiese menswees.

Terug na die skilpad en die skerpioen. Wat maak ons met daardie groot woord ‘vergifnis’? Jesus vereis tog van ons sewentig maal sewe keer se vergifnis. Dit is waar dat ons van harte moet vergewe. Tog moet ons nie vergifnis en gevolge met mekaar verwar nie. Om te vergewe beteken nie om herhaaldelik jouself bloot te stel nie, die skerpioen sal telkens weer steek. Vergifnis beteken die verwydering van dit wat ‘n verhouding kan skaad. Jy kan vergewe sonder om daardie persoon weer naby jou toe te laat.

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com